# COETZERNUUS

**Junie 2017**

*Liewe Vriende*

Dis amptelik somer en ons voel dit ! Dit was die afgelope paar dae die warmste in eeue ! Vandag is dit effens koeler en haal ons almal asem na die ontsettende hitte.

Somer beteken dat die vakansie op hande is, skole sluit een van die dae en 2 maande van leeglê lê voor vir talle franse.

Ons het dit afgelope paar weke n baie vol program gehad.

**Bybelskool in Holland:** Gedurende die week van 12-16 Junie was ons in Holland by die Bybelskool "The Gospel for Europe" waar Jan klas gegee het. Na voorbereiding van weke, het ons die voorreg gehad om

hierdie groepie mense te kon ontmoet en te kon deel oor dit wat ons na aan die hart lê, nl. Sending vir die wêreld.




Op die foto is die hoof en onderhoof en hulle vrouens die laaste aand saam met ons.

**Al Massira** – Die opeleiding in Montpellier die naweek van die 12-14 Mei het baie goed verloop. 23 mense het die opleiding ondergaan en die kerke aldaar het klaar weer gevra vir nog n opleidingsessie aangesien daar nog belangstellendes is. Die Here het inderdaad deurgedra.

Bid asb vir hierdie mense om dit wat hulle geleer het, te kan toepas om uit te reik na hulle moslemvriende.

Jan is ook besig met die nasien van die vertaling van Al Massira in Afrikaans. Een video neem 4 ure om na te gaan en daar is 13 van hulle. Bid as book daarvoor.

- **Kerkplante:** Tussendeur preek Jan gereeld in **Castres** (waar ons betrokke is by n nuwe kerkplant) asook in **Empalot**,Toulouse by n klein franse kerkie.
  *Bid asb dat die Here hom sal toerus met wysheid.*

- **Geletterdheidsklasse**: Die Here het twee nuwe moslemvroue gestuur van Noord Afrika. Ek vertrou dat hulle sal terugkom na die somervakansie wanneer ek DV 2 keer per week voortgaan met klasse.
  Bid asb vir nog meer om te kom en te kom leer van Jesus.


**Familie:** Dit gaan goed met al ons kinders en kleinkinders. Stephan was hier vir n naweek, terwyl hy vir werk in Duitsland was en Madeleine het kom eksamen skryf. Dit was heerlik om hulle hier te kon hê!

**Caleb** : Riaan en Jennifer het vier jaar gelede begin met die proses om n kindjie aan te neem omdat hulle voel dat die Here hulle roep om n verskil te maak in n kindjie se lewe.

Hulle het gister 22 Junie die seuntjie Caleb (16 mnde) in n weeshuis in die Fillipyne gaan haal.

Bid asb vir hierdie onstettende taak vorentoe en vir klein Caleb wat in n nuwe kultuur, nuwe taal en nuwe gesin moet aanpas. Bid dat die Here hulle sal seën as gesin en dat die aanpassing vir almal maklik sal wees.

Hier is klein Caleb saam op foto nadat Riaan- hulle hom vir die eerste keer ontmoet het.



**Ons opregte dank aan u elkeen wat die pad al 32 jaar met ons stap.**

**Dankie vir u ondersteuning, finansiëel en in gebed.**

**Groete in Hom**

**Jan en Marietjie**

jan.coetzer@om.org +33611465671
coetzermarie@gmail.com +33650606314